higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GSN680**(A)**(M28)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

INLIGTINGVERWERKING N5

(6020275)

28 Mei 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

GEE 30 MINUTE VOOR AANVANG VAN EKSAMEN AAN KANDIDATE.

Hierdie vraestel bestaan uit 21 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INLIGTINGVERWERKING N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 300

VRAESTEL	TYD	PUNTE
TIKTEGNIEK: AFDELING A	**2 uur**	**200**
OUDIOTRANSKRIPSIE: AFDELING B	**1 uur**	**100**
TOTAL	**3 uur**	**300**

INSTRUKSIES AAN KANDIDATE EN LEKTORE

30 MINUTE WORD VIR LEES VAN INSTRUKSIES TOEGELAAT

LEES DIE VOLGENDE INSTRUKSIES AANDAGTIG VOOR DIE VRAESTEL BEANTWOORD WORD – TOESIGHOUERS SAL INDIEN NODIG VERDUIDELIK.

TIKTEGNIEK: AFDELING A

1. Kandidate wat nie gereed en betyds vir die TYDNOUKEURIGHEIDSTOETS is nie sal eers na afloop van die TIEN MINUTE vir die TYDNOUKEURIGHEIDTOETS (VRAAG 1) toegelaat word om die lokaal te betree.

2. KANDIDATE word 3 MINUTE voor die aanvang van die EKSAMEN toegelaat om VRAAG 1, die TYDNOUKEURIGHEIDSTOETS, deur te lees.

3. Die TYDNOUKEURIGHEIDSTOETS moet aan die begin van die eksamen ingesleutel word.

4. Na afloop van die toegelate 10 minute vir die TYDNOUKEURIGHEIDSTOETS sal die toets ingeneem en deur die toesighouers geteken word. Dit word tot aan die einde van die eksamen gehou waarna dit in die teenwoordigheid van die kandidaat in die EKSAMENOMSLAG geplaas word.

5. Beantwoord AL die vrae.

6. Prosedure vir VRAAG 2, 3, 4, 5 en 6: Sleutel in, stoor en druk.

7. Slegs EEN briefhoof per kandidaat vir VRAAG 3 (briefhoof aangeheg).

Kopiereg voorbehou

OUDIOTRANSKRIPSIE: AFDELING B

Jy ontvang die volgende:

1. Inligting rakende die vrae.

2. Aantekeninge rakende die vrae.

3. Oudiokasset of oudiosagteware.

LET WEL:

1. As jy 'n oudiokasset gebruik, draai die kasset terug voordat jy met die transkripsie begin.

2. Voltooi die inligting benodig in AANTEKENINGE BY DIE EKSAMENVRAE. Dit sal deur die toesighouer aan jou gegee word.

DRUKWERK: VRAESTEL (AFDELING A EN AFDELING B)

1. Elke antwoord moet op 'n aparte A4-BLADSY gedruk word. Gebruik SLEGS een kant van die papier.

2. Indien 'n BRIEFHOOF voorsien is en dit pas nie op die drukker(s) nie, mag jy A4-papier gebruik. Gee die drukstuk op die A4-papier saam met die BRIEFHOOF in sodat die posisionering van die teks op die papier in ooreenstemming met die data op die BRIEFHOOF vasgestel kan word.

ALGEMEEN: VRAESTEL (AFDELING A EN AFDELING B)

1. Jy mag 'n rekenaarliniaal, woordeboek, ASCII-kodes en die templaat gebruik.

2. GEEN notas of enige ander ontoelaatbare materiaal moet in hierdie artikels versteek of ingeskryf word nie.

3. Gebruik slegs COURIER NEW 12 tensy dit anders in die vraestel aangedui word.

4. Werk vinnig sodat die vraestel betyds voltooi word.

5. Stoor jou werk met gereelde tussenposes om die verlies van ingesleutelde data te voorkom indien 'n kragonderbreking plaasvind. Slegs die verlore tyd van die kragonderbreking sal bykomend toegelaat word – GEEN EKSTRA TYD WORD VIR WERK WAT VERLOOR IS TOEGELAAT NIE

6. In geval dat 'n rekenaar of drukker onklaar raak, sal die toesighouer die nodige reëlings tref sodat jy met die eksamen kan voortgaan en die werklike verlore tyd sal bygevoeg word.

Kopiereg voorbehou

7. Sleutel op elke vraag die VRAAGNOMMER asook jou EKSAMENNOMMER in. GEEN VRAE SONDER GEDRUKTE EKSAMENNOMMERS SAL NAGESIEN WORD NIE.

8. Lewer die volgende aan die einde van die eksamensessie in:

   8.1 EKSAMENOMSLAG met drukstukke wat nagesien moet word in dieselfde volgorde as die vrae in die VRAESTEL.

   8.2 Skyf (slap/stiffie) – behoorlik met jou EKSAMENNOMMER gemerk. Indien werk op die hardeskyf/netwerk gestoor word, moet die toesighouer(s) dit na 'n kompakskyf/geheuestokkie kopieer en moet dit onmiddellik van die hardeskyf/netwerk geskrap word. Antwoorde van studente moet vir minstens 6 MAANDE bewaar word.

   8.3 Die kasset wat teruggerol is.

   8.4 Alle ander drukstukke. GEEN drukstukke mag uit die eksamenlokaal geneem of in snippermandjies geplaas word nie.

9. Enige poging om inligting te bekom of inligting aan 'n ander kandidaat te gee, is 'n oortreding van die eksamenreëls en sal in 'n ernstige lig beskou word. Indien jy aan sodanige oortreding skuldig bevind word sal ernstige stappe teen jou geneem word.

WAG VIR DIE TOESIGHOUER SE INSTRUKSIE VOOR JY OMBLAAI

Kopiereg voorbehou

TIKTEGNIEK

AFDELING A

MOENIE OMBLAAI VOOR DIE TOESIGHOUER JOU BEVEEL OM DIT TE DOEN NIE.

		TYD	PUNTE
VRAAG 1:	**TYDNOUKEURIGHEIDSTOETS**	**10 MINUTE**	**20**
VRAAG 2:	**TABELSTAAT**	**27 MINUTE**	**45**
VRAAG 3:	**OMSENDSKRYWE**	**31 MINUTE**	**50**
VRAAG 4:	**UITNODIGING**	**22 MINUTE**	**30**
VRAAG 5:	**VERTOON WERK**	**20 MINUTE**	**35**
VRAAG 6:	**AFRIKATAAL**	**10 MINUTE**	**20**
TOTAAL		**120 MINUTE**	**200**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: TYDNOUKEURIGHEIDSTOETS

TYD: 10 MINUTE **PUNTE 20**

KANTRUIMTES: **Links: 2.5 cm/1”** **Regs: 2.5 cm/1”** **SPOED: 45 wpm (minimum vereiste)**	**PAPIER: A4-portret** **WOORDAFBREKING: Nee** **JUSTEER: Links** **FONT: Courier New 12 pt**

1. **Die TYDNOUKEURIGHEIDSTOETS hier onder moet slegs EEN keer ingesleutel word.**
2. **Die uittreksel maak vir spoed van 35 en 40 woorde per minuut voorsiening.**
3. **Sleutel jou EKSAMENNOMMER, die VRAAGNOMMER en jou STASIE-/REKENAARNOMMER in.**
4. **Stoor en druk die dokument as V1.**
5. **Die TYDNOUKEURIGHEIDSTOETS sal deur die toesighouers versamel en geteken word en aan die einde van die eksamensessie in jou teenwoordigheid in jou EKSAMENOMSLAG geplaas word.**

Gesonde en mooi vel is 'n groot hupstoot vir selfvertroue. Party mense besit natuurlike skoonheid en gebruik nie enige skoonheidsmiddels nie terwyl andere om verskeie redes dit nie gebruik nie. Sommige mense voel dat velsorgprodukte hulle vel skade berokken, en verkies om dit nie te gebruik nie.

Nietemin, daar is 'n baie groot aantal mense (beide mans en vroue) wat velsorg as deel van hulle daaglikse roetine toepas. Dit is hoekom die bedryf in skoonheidsprodukte floreer!

Vervolgens, is die gebruik van skoonheidsprodukte goed vir ons vel, of is dit skadelik vir ons?

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: TYDNOUKEURIGHEIDSTOETS (VERVOLG)

Menings blyk uiteenlopend te wees, maar een ding is seker " Om mooi en gesond te lyk is beslis goed en baie gesog. Daarteenoor, teveel velsorgprodukte kan sekerlik skadelik wees (op sigself is 'n oormaat van feitlik enige iets skadelik). Dus, wat moet ons doen?

Die eerste ding is om roetines vir velsorg te formuleer (en te volg) wat jou vel gesond laat lyk en voel sowel as skoon en sonder bakterieë. Die algemene aanbeveling is om elke dag jou gesig te reinig en bevog, en af en toe wanneer dit nodig is dit te verfris en te eksfolieer.

Grimering wat skoonheid bevorder kan deel van jou daaglikse velsorgoetine vorm, of slegs vir spesiale geleenthede aangewend word, byvoorbeeld wanneer 'n partytjie bygewoon word.

Nietemin, voor enige velsorgproduk gebruik word (of weliswaar enige ander skoonheidsmiddel) is dit belangrik dat die regte een vir jou vel gekies word. Hier is 'n stel van vyf reëls wat jy moet volg wanneer enige velsorgproduk gekies word.

Die algemene reël is om produkte te gebruik wat jou soort vel pas. Dit geld vir beide die roetineprodukte en vir die velsorgproduk. Kyk na wat die etiket sê. Indien jy byvoorbeeld 'n droë vel het gebruik die produkte wat uitdruklik aantoon ˜alleenlik vir droë vel'. Algemene produkte sal gewoonlik iets aandui soos ˜vir alle

Kopiereg voorbehou

soorte velle'.

Toets die velsorgproduk voor jy dit gebruik. Dit kan gedoen word deur die produk op 'n klein stukkie vel wat nie opvallend is nie aan te wend, byvoorbeeld die oorlelle. Dit bring mee dat jy jou vel se reaksie waarneem voor dit oor 'n groot gedeelte aangewend word.

Let op die bestanddele in die velsorgproduk vir chemikalieë waarvoor jy allergies is. Moenie produkte gebruik wat straf op vel is nie, byvoorbeeld produkte met hoë konsentrasies alkohol. Hierdie soorte skoonheidsmiddels mag een of twee keer werk, maar kan langdurige skade aan jou vel aanrig.

Meer is nie beter nie. Lees die instruksies en maak seker jy wend die produkte in die regte hoeveelheid aan. Werk ook sagkens met jou vel en volg die regte prosedures vir die aanwending van velsorgprodukte. Deur te hard te vryf of 'n puisie uit te druk kan tot permanente skade (soos littekens) op jou vel lei.

Laastens, indien jy 'n velaandoening (soos aknee) het, moet jy 'n dermatoloog raadpleeg voor jy enige soort velsorgproduk gebruik.

[20]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2: TABELSTAAT

TYD: 27 MINUTE **PUNTE: 45**

KANTRUIMTES: **Links: 2.5 CM (1"/10)** **Regs: 2.5 cm (1"/10^0)** **FONT: Courier New 12**	**PAPIER: A4-landskap** **WOORDAFBREKING: Ja** **JUSTEER: Links Af/Nee**

1. **Sleutel jou eksamennommer en jou stasie-/rekenaarnommer as 'n kopskrif in.**
2. **Neem alle proefleestekens in ag.**
3. **Sleutel in soos aangedui is.**
4. **Proeflees, stoor en druk die dokument as V2.**
5. **Plaas die drukstuk in jou EKSAMENOMSLAG.**

Gesondheid en skoonheid bk, vetdruk, sentreer

Statistieke op: Verslag oor wêreldwye produkverkope ond.

Tabel 1 Persentasies van wêreldwye produkverkope kursief.

≠

≠

Kandidaat: Sentreer ALLE kolomopskrifte horisontaal en vertikaal loop oor

Soorte produkte vetdruk	Nasionale verkope arseer kolomopskrifte (15%) [vroue & meisies) voluit		
Rome	2015	2016	2017
Poeiere sp	15 000	500	630
Vloeiroom	412[1]	685[2]	8951
Grimering	897	478	789
Serums	869	785	500
Oogskadu	1 200	562	456
Maskara	750	600	20 000
Lipstiffie (mat)	500	700	900

Stappe om te volg vir skoonheidswenke

skuif ~~prosedure~~

werk sagkens met jou vel en volg die regte ~~prosedures~~ vir die aanwending van stet velsorgprodukte.

loop oor

BK, arseer kolomopskrifte (15%)

Totale getal van produkte verbruik			Persentasie in verkope [vroue alleenlik		
2015	2016	2017	2015	2016	2017
300	150	300	32.7%	28%	8.9%
400	100	200	3.5%	2.1%	5.6%
350	90	150	9.2%	5.6%	3.2%
450	56	480	6.5%	23%	3.4%
150	80	106	11.5%	8.9%	56%
45	30	90	10.9%	6%	2%
200	500	800	68%	85%	90%

sentreer

1 gesondheid
2 Skoonheid

kursief.

[45]

VRAAG 3: OMSENDSKRYWE

TYD: 31 MINUTE **PUNTE: 50**

KANTRUIMTES: **Links: 2.5 cm (1"/10)** **Regs: 2.5 cm (1"/10^0)** **FONT: Courier New 12**	**PAPIER: A4-portret** **WOORDAFBREKING: Ja** **JUSTEER: Links Af/Nee**

6. Sleutel jou eksamennommer en jou stasie-/rekenaarnommer as 'n kopskrif in.
7. Neem alle proefleestekens in ag.
8. Sleutel in soos aangedui is.
9. Proeflees, stoor en druk die dokument as V3.
10. Plaas die drukstuk in jou EKSAMENOMSLAG.

Kandidaat:

1. verander alle hoofparagraaf opskrifte wat onderstreep is na vetdruk en dubbel onderstreep.
2. Paragrawe moet in korrekte numeriese volgorde ingevoeg word.
3. Vervang kollys met genommerde subparagraafnommers (1.1 ens.) en TWEE letterspasies.

Voeg vandag se datum in dalende volgorde in.

skuif

≠

AAN: Adverteerders Entrepreneurs Kopers Vertoon korrek

≠

1 Skoonheid [is die normale en goeie toestand van die liggaam. Dis 'n groot bron van NP gemoedsrus en geluk.

4. Gesondheid [verwys na 'n gesonde gees en fisiese fiks liggaam sonder enige kwale, siektes of ongesteldheid. Eenvoudig gestel, verwys gesondheid na die fisiese, emosionele en sielkundige welstand van 'n persoon.

3. Higiëne [verwys na die goeie praktyke wat siektes voorkom en tot goeie gesondheid lei, veral deur sindelikheid, gepaste rioolverwydering, en voorsiening van veilige drinkwater. Dit verwys na al die bedrywighede vir verbetering en bewaring sodat goeie gesondheid gehandhaaf word

5. Skoon water: [Skoon water is nog 'n bron van goeie gesondheid. Baie siektes word deur NP die gebruik van onsuiwer water veroorsaak. Mense op die platteland moet dikwels in tenks bad, en klere en diere was. [✓ Gereelde fisiese oefening is nodig om fisies gesond te bly. Stap in die buitelug elke oggend en aand versterk ledemate se spiere en versnel bloedsirkulasie.

Higiëniese Gebruike vir Goeie Gesondheid bk, vetdruk, arseer sentreer

Kopiereg voorbehou

2. Gebalanseerde en voedsame voedsel: [✓ Heilsame voedsel hou ons gesond. 'n Deel van die voedsel wat ons inneem dien as brandstof wat die liggaam warm hou; 'n ander deel bou weefsel wat ons krag gee.

Voeg in 'n reël tabelstop by 7.62/3cm

HUB 14 pt, bk

[50]

VRAAG 4: UITNODIGING

TYD: 22 MIINUTE **PUNTE: 30**

KANTRUIMTES: **Links: 2.5 cm(1"/10)** **Regs: 2.5 cm (1"/10^0)** **FONT: Courier New 12**	**PAPIER: A4-portret** **WOORDAFBREKING: Ja** **JUSTEER: Links Af/Nee**

1. **Sleutel jou eksamennommer en jou stasie-/rekenaarnommer as 'n kopskrif in.**
2. **Neem alle proefleestekens in ag.**
3. **Proeflees, gebruik ook speltoetser wanneer jy proeflees, stoor en druk die dokument as V4.**
4. **Plaas die drukstuk in jou EKSAMENOMSLAG.**

1.Skep TWEE gelyke parallelle kolomme- afstand tussen kolomme moet 1.27cm/0.5" wees

2. Die hoofopskrif moenie deel van die kolomme wees nie.

Die hoofdoel van / werkswinkel voeg in onderstreep/voeg in, sentreer, castellar pt 12

≠

'n Aantal tentoonstellers ~~uitstalling~~ sal interaktiewe demonstrasies lewer wat jou 'n DEL praktiese ervaring bied om op vermaaklike wyse te leer. Van hierdie aktiwiteite sluit in

Fiksheidspeletjies, stoelmasserings, bloedgroep tipering, meet van bloeddruk, ID-gravuurdiens op skootrekenaar en fiksheid ~~demonstrasies~~. stet

~~demos~~

Vir inligting, bykomende besoek asseblief die Healthy Workplace trs
Webwerv by http://carleton.co.za SP

Kolom 2

Datum: 3 Des 2017 Voluit

Tyd: 9:00
≠
Venue: Maslow Hotel
Johannesburg BK
≠
Tel.: (011) 909 3030

/ Welstand Komitee Voeg in, Vetdruk
≠
Nooi jou sp
≠
Na 'n werkswinkel
≠
deur Dr Christopher Mosibe vetdruk, kursief

[30]

VRAAG 5: VERTOON WERK

TYD: 20 MINUTE **PUNTE: 35**

KANTRUIMTES: **Links: 2.5 cm (1"/10)** **Regs: 2.5 cm (1"/10^0)** **FONT: Courier New 12**	**PAPIER: A4-portret** **WOORDAFBREKING: Ja** **JUSTEER: Links Af/Nee**

1. **Sleutel jou eksamennommer en jou stasie-/rekenaarnommer as 'n kopskrif in.**
2. **Neem alle proefleestekens in ag.**
3. **Proeflees, gebruik ook speltoetser wanneer jy proeflees, stoor en druk die dokument as V5.**
4. **Plaas die drukstuk in jou EKSAMENOMSLAG.**

Gesondheid gesp. h/letters, tahomo 18pt, sentreer

Gesondheid- en veiligheidsbeleid vir jou onderneming kursief

Die Reg vereis nie dat jy alle risiko's verwyder nie, maar om mense te beskerm deur voorsorgmaatreëls te tref wat hierdie risiko's op redelike wyse beheer — 1.5 r/spasiëring

Party werkers het dalk bepaalde vereistes. [Jy kan meer hulp verkry op ons diversiteitbladsye (www.hse.gov.uk/diversity). Vetdruk — NP — regsbelyn

Dink aan huiswerkers, en mense wat nie al die tyd by die werkplek is nie, ond
Soos besoekers, kontrakteurs en instandhoudingspan. [Neem lede van die publiek in ag, NP
of hulle deur jou werksaamhede beseer kan word.

Te verseker daar is gesondheidsveiligheid bk, grootte 14, Broadway, sentreer

goeie ventilasie)

verligting geskik vir die werk wat gedoen word;
genoeg ruimte in lokaal

onderhou jou perseel & werkstoerusting behoorlik; voluit

hou vloere en verkeersroetes vry van obstruksie;
kry vensters wat kan oopmaak en veilig skoongemaak word;

maak seker dat enige deurskynende (bv. glas) deure of mure loop oor
beskerm is of van veiligheidsmateriaal gemaak is

Voeg in kollys van jou keuse belyn regs

[35]

VRAAG 6: AFRIKATAAL

TYD: 10 MINUTE **PUNTE: 20**

KANTRUIMTES: **Links: Gebruik BRIEFHOOF** **Regs: 2.5 cm (1"/10^0)** **FONT: Courier New 12**	**PAPIER: A4-portret** **WOORDAFBREKING: Ja** **JUSTEER: Links Af/Nee**

1. **Sleutel jou eksamennommer en jou stasie-/rekenaarnommer as 'n kopskrif in.**
2. **Neem alle proefleestekens in ag.**
3. **Sleutel in soos aangedui is.**
4. **Proeflees, gebruik ook speltoetser wanneer jy proeflees, stoor en druk die dokument as V6.**
5. **Plaas die drukstuk in jou EKSAMENOMSLAG.**

ABAGANANI

Ukuba nabangani kuyinyo enhle kakhulu kodwa nome kunjalo umngani uyena **¼**

Umuntu wokuqala ukwazi zonke indaba zakho phinde futhi kube uyena umuntu wokuqala

ukutshela abantu ngedaba zakho.

Ummbono wami uthi ungake ulinge uthembe omunye umuntu emhlabeni.**½**

Umnagani uyaya azenze ngathi uyakuthanda kodwa uma ungekho enze ngawe **¾**

lento izokuphatha kabi kakhulu. Qaphela izinto uzitshela abangani bakho.

[20]

TOTAAL AFDELING A: 200

OUDIOTRANSKRIPSIE

AFDELING B

	TYD	PUNTE
VRAAG 7	**15 MINUTE**	**25**
VRAAG 8:	**18 MINUTE**	**30**
VRAAG 9:	**27 MINUTE**	**45**
TOTAAL	**60 MINUTE**	**100**

Kopiereg voorbehou

OUDIOTRANSKRIPSIE

INLIGTING OOR DIE EKSAMENVRAE

Jy is 'n persoonlike assistent. Die HUB het 'n kasset aan jou gegee waarop take opgeneem is wat jy binne 'n uur moet voltooi terwyl hy/sy weg is.

1. Jou eerste taak **(VRAAG 7)** is om die **AGENDA** in te sleutel en te druk**.**

   WOORDE:

Terapeut; Stonehaven; Sandton

2. Jou eerste taak **(VRAAG 8)** is om die **AANSOEKBRIEF** in te sleutel en te druk.

   WOORDE:

menslike; hulpbronne; departement; Rustenburg; advertensie; gekwalifiseer; geregistreer; ervaring; senior; vereistes; geleentheid

3. Jou eerste taak **(VRAAG 9)** is om die **ADVERTENSIE** in te sleutel en te druk.

   WOORDE:

vel; skoonheid; behandelings; konsultasies; hoogaangeskrewe

Kopiereg voorbehou

AANTEKENINGE BY DIE EKSAMENVRAE

LET WEL: Die beginpunt van ELKE VRAAG soos aangedui op die kassetteller/indeksteller moet aan die kandidate gegee word.

VRAAG 7: AGENDA

TYD: 15 MINUTE **PUNTE: 25**

KANTLYNE: **Links: 2.5 cm (1"/10)** **Regs: 2.5 cm (1"/10^0)** **FONT: Courier New 12**	**PAPIER: A4-landskap** **WOORDBREKING: Ja** **JUSTERING: Links Af/Nee**
1. Sleutel jou EKSAMENNOMMER, die VRAAGNOMMER en jou STASIE-/REKENAARNOMMER in as kopskrif. **2. Die beginpunt op die teller/indeks is …** **3. Die leestyd is ±15 minute.** **4. Proeflees, stoor en druk die dokument as V7.** 5. **Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.**	

[25]

VRAAG 8: AANSOEKBRIEF

TYD: 18 MINUTE **PUNTE: 30**

KANTLYNE: **Links: Gebruik die BRIEFHOOF** **Regs: 2.5 cm (1"/10^0)** **FONT: Courier New 12**	**PAPIER: A4-portret** **WOORDBREKING: Ja** **JUSTERING: Links Af/Nee**
1. Sleutel jou EKSAMENNOMMER, die VRAAGNOMMER en jou STASIE-/REKENAARNOMMER in as kopskrif **2. Die beginpunt op die teller/indeks is …** **3. Die leestyd is ±18 minute.** **4. Proeflees, stoor en druk die dokument as V8.** **5. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.**	

[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 9: ADVERTENSIE

TYD: 27 MINUTE **PUNTE: 45**

KANTLYNE: **Links: Gebruik die BRIEFHOOF** **Regs: 2.5 cm (1"/10^0)** **FONT: Courier New 12**	**PAPIER: A4-portret** **WOORDBREKING: Ja** **JUSTERING: Links af/Nee**
1. Sleutel jou EKSAMENNOMMER, die VRAAGNOMMER en jou STASIE-/REKENAARNOMMER in as kopskrif. **2. Die beginpunt op die teller/indeks is …** **3. Die leestyd is ± 27 minute.** **4. Proeflees, stoor en druk die dokument as V9.** **5. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.**	

[45]

TOTAAL AFDELING B: 100
GROOTTOTAAL: 300

Kopiereg voorbehou